


# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

## Koninkrykstyd

**21 JULIE 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **11**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Vennote in Getuienis | **Die 'tiende' provinsie, 'n besoek aan Lesotho**

## 04 ARTIKELS

04 Verbi Divini Minister | **Wees stil en weet ...**

04 Bedieningsbegeleiding | **Carin se droom - 'n Retraite vir vroueleraars**

04 Bedieningsbegeleiding | **Gerontologie Netwerk - Betekenisvolle veroudering, 'n onoorwinlike somer!**

04 Vennote in Getuienis | **Dosent-wees in Zambië**

04 Vennote in Getuienis | **Die huislike en gesinslewe van Moslems word streng gereguleer**

04 Afrika-Ekumene | **NetACT op besoek aan ons susterskerk in Angola: Kinkuni**

## 06 DIS 'N RING-DING

06 Ring-projekte | **Die NG Gemeente Bloemfontein-Wes in samewerking met die Ring van Waterbron bied innerlike genesing aan gebroke kinders**

## 08 MEDIATEEK

08 Twee nuwe publikasies deur prof Wentzel Coetzer **Inventaris**

## 09 EKOLOGIE

09 **Video: Plastiekvrye Julie** | Kom met minder enkelgebruikplastiek klaar

## 11 AKTUEEL ALGEMEEN

11 CLF-Publikasie in Engels beskikbaar

12 LigApp Kategese

13 Advertensies

## 14 OPLEIDING

## 16 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 17 KALENDER

## 18 BETREKKINGS

## 19 VERJAARSDAE

## 21 'N LAASTE GEDAGTE

## 22 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Ds Ruan Janse van Rensburg | Ds Janke Hurter
Mariëtte Odendaal
Dr Dawid Kuyler | Dr Enrico Casaleggio | Ds Christo Nel
Missie Japan | CLF | TOIBO
VrydagNuus, Kaapkerk
Kerkbode

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

DIE GENERASIE bagasie ERVARING

**4 - 6 AUGUSTUS | CLARENS**
Vind weer die menswees in jou manwees saam met Wentzel Coetzer!
**R600 per persoon | *Verblyf uitgesluit**

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 4 Augustus**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



VRYPOS-FOKUS

# DIE 'TIENDE' PROVINSIE, 'N BESOEK AAN LESOTHO

**"In Lesotho gaan jy nie Sondag kerk toe nie, Sondag is kerk."**

DEUR DS RUAN JANSE VAN RENSBURG

Dit is maklik om **Lesotho** te sien as 'n nie-amptelike tiende provinsie van Suid-Afrika, maar die oomblik wat jy die grens oorsteek, weet jy hierdie is nie meer Suid-Afrika nie.

**Lesotho is 'n land van eenvoud en rustigheid**; buiten die ongelooflike prag van die berge en valleie is dit steeds verstommend om daar aan te kom en opnuut te besef hoe min is eintlik nodig om 'n goeie lewe te leef. Gedurende die afgelope wintervakansie, van 26 Junie tot 5 Julie, het 'n groep studente Lesotho op 'n uitreik besoek.




Ons het Lesotho nie besoek met die idee dat Christus nie daar is nie, of dat beskawing nie daar bestaan nie; inteendeel, dit is keer op keer ons voorreg om, soos Paulus skryf in 1 Tessalonisense 5:11, iets te beleef van die bemoediging en vashou deur mede-gelowiges, ongeag hul burgerskap. Vir die eerste week het ons tyd deurgebring in Qomo-Qomong, 'n afgeleë nedersetting in die berge van Suid-Lesotho waar daar vir die afwesigheid van lopende water meer as vergoed word deur die gasvryheid en openheid waarmee ons jaar na jaar ontvang word. Hier het ons programme met die kinders van die gemeenskap gefasiliteer, besoeke gebring, gesprekke gevoer en gebid vir persone wat ly as gevolg van siekte of ouderdom.

Een van die hoogtepunte was om Sondag saam met die gemeenskap kerk te hou. In Lesotho gaan jy nie Sondag kerk toe nie, Sondag is kerk. Dít het my laat dink aan daardie bekende grappie van die ouderling wat vir die predikant sê: "Preek oor enige iets, net nie oor 'n uur nie." Nietemin, die passie en ywer waarmee hierdie klein gemeenskap hul geloof uitleef, was 'n inspirasie om te beleef en 'n voorreg om aan deel te neem.

Ná die erediens het ons vetrek na Morija, die teologiese seminarium van LECSA (Lesotho Evangelical Church of Southern Africa). LECSA is die grootste gereformeerde kerk in Lesotho en in die afgelope paar jaar het 'n sterk en gesonde verhouding tussen LECSA en die NGKVS ontstaan, waarvan hierdie uitreik deel vorm.

By Morija het ons ten doel gehad om Vrystaatse studente en Lesotho-studente aan mekaar bloot te stel, meer spesifiek om hopelik ruimte te skep waarin teologie-studente van die NGK en LECSA hul ervarings kan deel en tentatief verhoudings kan begin kweek.

Een van die drome is dat meer en meer gemeentes in die Vrystaat hul weg begin oopsien om ook betrokke te raak in Lesotho.

Indien hierdie kort artikel iets in jou hart wakker gemaak het, voel asseblief vry om die kantoor van Vennote in Getuienis te kontak om meer uit te vind oor betrokkenheid in ons pragtige buurland.

Tel: **+27 (0)51 406 6729**
E-posadres: **missio@ngkvs.co.za**

Groete in Christus
*Ds Ruan Janse van Rensburg*

***Foto verskaf:*** *Lesotho-uitreik*

**Lees hier**

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

**Wees stil en weet ...**

*Ds Janke Hurter, Erediens Netwerk*



Lees hier

BEDIENINGSBEGELEIDING

Vrystaat Vroueleraars

**Carin se droom - 'n Retraite vir vroueleraars**

*Mariëtte Odendaal*



Lees hier

BEDIENINGSBEGELEIDING

Gerontolologie Netwerk

**Betekenisvolle veroudering, 'n onoorwinlike somer!**

*Mariëtte Odendaal*




Lees hier

VENNOTE IN GETUIENIS

Afrika-Ekumene

**Dosent-wees in Zambië**

*Mariëtte Odendaal*
*Dr Dawid Kuyler, VGK-emeritus*



Lees hier

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

**Die huislike en gesinslewe van Moslems word streng gereguleer**

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



Lees hier

AFRIKA-EKUMENE

**NetACT op besoek aan ons susterskerk in Angola: Kinkuni**

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



Lees hier



DIE GENERASIE bagasie ERVARING
4 - 6 AUGUSTUS 2023
BESPREEK HIER
R600 PER PERSOON | *VERBLYF UITGESLUIT
VIND WEER DIE MENSWEES IN JOU MANWEES
SAAM MET WENTZEL COETZER
Clarens HERMITAGE
NG Kerk Vrystaat

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# NG Gemeente Bloemfontein-Wes in samewerking met die Ring van Waterbron

## *bied innerlike genesing aan gebroke kinders*

"Die teenslae wat die lewe hierdie kinders al toegedien het, maak dit vir sommige baie moeilik om God as 'n genadige Vader te ervaar en te aanvaar – dit is heeltemal teenstrydig met dít wat hulle al in die lewe ervaar het." So vertel me Christelle Trollope, jeugwerker van die NG Gemeente Bloemfontein-Wes, oor die talle kinders wat baat vind by die gemeenteprojek wat deur die Ring van Waterbron ondersteun word deur middel van GOUF-fondse.

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 beskikbaar gestel aan elkeen van ons ringe met die doel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word. Wat die Ring van Waterbron betref, is daar by al drie die sinodale bedieninge, naamlik Bedieningsbegeleiding, Diens van Barmhartigheid en Vennote in Getuienis ingeskakel.

## Meer oor hul betrokkenheid by die gemeenteprojek


Ds Johan David vertel: "Christelle Trollope, jeugwerker by Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum in Bloemfontein, bedien tussen 100 en 150 kinders op 'n weeklikse grondslag. Dit vind gewoonlik in klein groepies van tien tot veertien op 'n slag plaas, maar dan is daar ook individuele kontak met elke kind. "Ten spyte van die intense seer wat dié kinders al deurgemaak het as gevolg van talle teenslae in hul lewens, was dit in sommige gevalle al Christelle se voorreg om te sien hoe die Heilige Gees in so 'n kinderhart werk. Wanneer so 'n kind deur 'n proses van innerlike genesing gaan en geestelik begin groei, ervaar Christelle die opregte en seënende hand van ons Hemelse Vader in haar werk.

Lees meer »

# Kerkargief
## KONFERENSIE

**DIE KERKARGIEF VAN DIE NG KERK VRYSTAAT IN BLOEMFONTEIN NOOI ALLE**

***belangstellendes, kerkhistorici, navorsers, leraars en teologie-studente uit na 'n oggendseminaar oor enkele van die mees historiese dokumente in die verhaal van ons kerkfamilie in Suider-Afrika.***




5 VBO -punte

**EERSTE DOKUMENTE**
**LAASTE DOKUMENTE**

PROFF ERIK DE BOER | DOLF BRITZ
JOHANN ROSSOUW | LINDI KOORTS
DRS JURIE VAN WYK | GIDEON VAN DER WATT
FRANCOIS SMITH | DS JAN LUBBE

## PROGRAM

**09:00** | Opening en verwelkoming

**09:15** | **Uit die Kaap: "Eerste Dokumente"**
"Die begin. God en religie in die fort van Goede Hoop" - prof RM Britz (Boekbekendstelling)
"Die ander oudste dokumente van die Kaapse Kerk: Die Diakonaat" - prof EA de Boer

**10:30** | **Uit die Vrystaat: "Eerste Dokumente"**
"'Een moeder aan wie wij gedronken hebben.' Die NG Zendingskerk in die Vrystaat se eerste notule, 1910" - ds Jan Lubbe
"'Magwero/Oorspronge.' Die eerste na-oorlogse Notule van die Buitelandse Sending-kommissie vir Zambië, 27 November 1902" - dr Jurie van Wyk

**11:30** | Koffie/tee en verversings

**12:00** | **Oor die Vrystaat: "Laaste Dokumente" van Karel Schoeman**
"Verkenning en 'n Ander Land: Verinheemste gelowigheid" - prof Johann Rossouw
"Huiwerend oor leegtes. Schoeman as Sendinggeskiedskrywer" - dr Gideon van der Watt
"Slotgedagtes" - dr Francois Smith

**13:00** | 'n Dankwoord namens die Colloquium Historiae Ecclesiasticae

**Hierna word 'n gesellige middagete aangebied gevolg deur 'n begeleide besoek aan die biblioteek van die Oorlogsmuseum en gepaardgaande uitstallings.**

## WOENSDAG 23 AUGUSTUS 2023

**OUDITORIUM VAN DIE OORLOGSMUSEUM IN BLOEMFONTEIN**

552142
*KOSTE*
**PER PERSOON**
**R250**
552142

Registrasies
Helena Smit | 051 406 6725 | argief@ngkvs.co.za
Navrae
Ds Jan Lubbe | 082 784 9362 | janlubbe1964@gmail.com

**"Die verlede is 'n ander land:
Waar is die pad wat daarheen voer? ...
Die verlede is 'n ander land,
onbereikbaar in sy verte,
en wat daaruit herwin kan word,
wat daaruit behou kan word,
dra jy met jou saam."**

KAREL SCHOEMAN,
"UUR VAN DIE ENGEL."

2023

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

# TWEE NUWE PUBLIKASIES

*deur prof* ***Wentzel Coetzer***

Onderhoud deur
**Mariëtte Odendaal**

Ons is baie opgewonde oor die volgende twee splinternuwe **publikasies**:

**Wanneer die liggaam rebelleer –** *die vernietigende invloed van onderliggende stres, verliese en pyn*

**Mede-afhanklikheid en emosionele gebrokenheid –** *pastorale perspektiewe*

Hierdie publikasies het onlangs uit die pen van prof Wentzel Coetzer verskyn. Beide boeke is van groot waarde vir ons fisieke, emosionele, intellektuele en geestesgesondheid en bied onontbeerlike pastorale perspektiewe. Dis natuurlik altyd interessant om vas te stel wie die skrywer agter die wyse woorde is, en ons het gaan uitvind. Prof Wentzel Coetzer was aanvanklik vir agt jaar dosent by Unisa, waar hy ook gepromoveer het in die vak Nuwe Testament. Daarna het die praktyk hom gelok en was hy 20 jaar lank predikant in die NG Kerk Pretoria-Garsfontein. In daardie fase het sy belangstelling begin verskuif na prak-tiese teologie, waarin hy toe ook gepromoveer het. In hierdie periode was hy ongeveer agt jaar lank deeltyds betrokke by die aanbied van kursusse in pastorale berading, eers by die Vista Universiteit en later ook by die Universiteit van Pretoria saam met prof Malan Nel by die Instituut vir Kontekstuele Bediening.

Lees meer




## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris hieronder.

Navrae | **Anelia van den Blink (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

Loer hier




## BEGIN VANDAG NOG!

**Oorgeneem** | *VrydagNuus Kaapkerk, 21 Julie 2023*

Dis nooit te laat om daarop te begin fokus om met minder plastiek in jou lewe klaar te kom nie. Getuienisaksie (Wes-Kaap) se Taakspan Ekologie het op hul Eko-wenke se webblad oor Plastiekvrye Julie gaan loer en deel graag hierdie wenk uit ons argief. Hanli Grové, die nuwe koördineerder van die Taakspan Ekologie, gesels met ons oor die gebruik van plastiek en hoe maklik dit is om die gewoonte aan te leer om met minder enkelgebruikplastiek klaar te kom. Loer gerus na die **video** en vind uit hoe jy 'n groot bydrae kan lewer.

---

HANLI GROVÉ **TAAKSPAN EKOLOGIE**

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

**Loer hier »**




## Skool vir Teologie en Bediening

**AANSOEKE DEURLOPEND AANVAAR**

- Baccalaureusgraad in Missionale Teologie*
- Antieke Bybelse Tale*
- Bedienaars met Preek- en Erediensleidingsvaardigheid***
- Bedienaars met Jeug- en Familiebedieningsvaardigheid***
- Bedienaars met Gemeenskapsdiakonaatvaardigheid***
- Bedienaars met Pastoralesorgvaardigheid***

## Skool vir Maatskaplike Hervorming

**AANSOEKE VIR 2024 WORD NOU AANVAAR**

- Baccalaureusgraad in Maatskaplike Werk*
- Nasionale Diploma in Vroeë Kindontwikkeling**
- FET Sertifikaat in Gemeenskapswerk***
- FET Sertifikaat in Maatskaplike Hulpwerk***
- FET Sertifikaat in Kinder- en Jeugsorgwerk***

### Minimum Vereistes

*Baccalaureustoelating, 60% Engels, APS 30
**Matriek Slaag
***Graad 10 Slaag

# Doen NOU aansoek!

**of besoek www.hugenote.com**

Benodig meer inligting?
Kontak 021 873 1181 of epos
applications@hugenote.com

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

# Publikasie in Engels beskikbaar




***God se verhaal, 'n Bybelreis vir tieners***, wat in Desember 2022 bekend gestel is, is nou ook in Engels beskikbaar: ***God's story, a Bible journey for teens***. Susan spesialiseer in die geloofsvorming van kinders en jongmense en geloofsgroei binne gesinne. Benewens haar gereelde artikels in Christelike tydskrifte, het sy reeds verskeie boeke geskryf, soos die Vertel-Vertel!-reeks en die pragtige Kinderbybel ***Vertel my meer***. Haar boeke is in verskillende Suid Afrikaanse tale vertaal.




***God se verhaal*** bestaan uit 150 dagstukkies wat tieners op 'n avontuurlike reis deur die Bybel neem. In heerlike verteltrant word die hele verhaal van God se liefdesverhouding met mense vertel, vanaf die skepping, God se reis met Israel, die goeie nuus van die Seun van God se koms aarde toe, die werk van die Heilige Gees, en die roeping van die kerk (ons as gelowiges), totdat die Here Jesus eendag weer kom. Die vertellings maak die leser deel van die Bybelse verhaal, en die verhaal word deel van ons lewe. Dit help ons om te ontdek hoe groot en goed die Here is, maar leer ons ook hoe die Here wil hê dat ons sal lewe. **Dit help antwoorde gee op lewensvrae, dit troos, gee hoop en inspireer. Dis deeglik geskryf, elke woord geweeg. Die boek kan gebruik word tydens gesinstyd met God, in persoonlike stiltetyd, maar selfs ook as handige hulpmiddel by kategese.**

Dit is aanlyn en ook by alle CLF Boekwinkels te koop, of stuur 'n e-pos na **order@clf.co.za**





FOKUS OP **GELOOFSVORMING**
met **LigApp Kategese**

LAAI HIER AF >

Om aan te sluit of vir meer inligting **kontak LigApp by francois@ligapp.co.za**


NOU BESKIKBAAR
Wat die
HART
van vol is...
Getuienis as spontane lewe!
Deon Loots
Vir slegs
R195
Koop dit aanlyn - https://shop.clf.co.za/product/wat-die-hart-van-vol-is/
of by enige CLF Boekwinkel - https://shop.clf.co.za/contact-us/
Met Wat die hart van vol is – getuienis as spontane lewe, help Deon Loots die leser om die heerlike en bevrydende ontdekking te maak oor waaroor dit eintlik gaan om 'n getuie van Jesus Christus te wees. Dit gaan nie om 'n aangeleerde metodiek nie, ook nie oor 'n resep vir persoonlike gesprekke nie, dit beteken juis nie dat jy iemand moet met die Woord moet konfronteer nie, en dis allermins 'n sware verpligting wat op jou gelê word. Getuienis is 'n vreugdevolle reaksie op 'n ontmoeting met die lewende Here, dit vloei spontaan uit 'n oorvol hart. Deon Loots vertel die pragtige Bybel-verhale van mense wat Jesus ontmoet het, en hoe hulle Hom daarna gevolg en oor Hom getuig het. Hulle kon nie anders nie! Hy beskryf ook die spontane getuienisse van hedendaagse mense wat Jesus ontmoet en volgelinge en getuies van Hom geword het. Hierdie getuienisse spreek van vreugde en nuwe lewe; dit nooi die leser uit om daarvan deel te word. Die boek is baie toeganklik en helder geskryf; dis 'n boek wat jy moeilik sal kan neersit as jy eers begin lees het.
Klik hier


CLF'S
BOOK
CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
info@clf.co.za
021 873 6964
BIBLE STUDY, SPIRITUAL GROWTH, JESUS, DEVOTIONAL, INSPIRATIONAL
Klik hier



VERKOOPSAGENTE VIR CLF BOEKSENTRUMS
CLF bied individue, gemeentes of organisasies die geleentheid om as Verkoopsagente vir CLF Boeksentrums aan te sluit.
1. SLUIT AAN
Kontak CLF om die nodige ooreenkomste en dokumentasie te voltooi om as Verkoopsagent vir 'n CLF Boeksentrum te registreer.
2. PRODUKTE
Verkoopsagente ontvang die fisiese voorraad produkte soos ooreen-gekom wat in of deur die
3. BEMARK
Verkoopsagente bemark die produkte deur die CLF Boeksentrum aan hulle netwerke, wyer ge-meentes en op hulle digitale platvorms om sodoende verkope te genereer.
4. VERDIEN
Verkoopsagente ontvang maandeliks kommissie, soos ooreengekom vir alle verkope van die vorige maand
Klik hier



BLOMME VIR HOOP
Vrouedag
Gelukkige trekkings, heerlike kos en lekker kuier!
Engo
12 August 2023
Cezanne
Gaskunstenaar
Sharlien
Posh Lab voorkomskonsultant
Klik hier


Kaggelkamer
KUIERS
@ Koekela
Huis Kafee
in aid of Engo
Come and enjoy warm, exclusive and exquisite hospitality with special friends...
A FOOD & WINE PAIRING WITH NEDERBURG WINES
26 July 2023 @ 19:00
Koekela Huis Kafee
R275 per person
Three-course meal, paired with 4 wines
Reservations required – limited space available. Ticket sales: 073 141 1730
Engo
Koekela
Nederburg
Klik hier


R280 p/p
Monte Bello Estate
Engo
4 Augustus 2023 | 18:30 | Semi-Formeel
GYS BOTES 082 417 3837
Klik hier


BYBELGENOOTSKAP
KATALOGUS
JULIE 2023
www.bybelgenootskap.co.za
Klik hier


SPESIALE AANBOD
Ter viering van:
90 -jaar van die Bybel in Afrikaans
DIE BYBEL
WAS R159
NOU R79
Klik hier


2023
Jaarboek
van die
Nederduitse Gereformeerde Kerke
Klik hier

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## Lentekonferensie 2023

VBO FORUM

**19 - 21 September 2023** | Die jaarlikse Lentekonferensie: *"As it is in Heaven.* Kerkwees, die hier en nou." Dagboek hierdie datum, meer inligting volg binnekort.

Loer hier +

## NUUT Pastorale Beradingskursus

VBO FORUM

**15 Augustus 2023** | 'n Aanlyn (Zoom) Pastorale Beradingskursus deur prof Wentzel Coetzer met die titel: *Trauma as 'n verwoester - Pastorale Perspektiewe*. Navrae @ 083 660 0409 / e-pos: wentzelc@gmail.com

Lees meer + Registreer +

## NUUT Lisa Miller - Inleidende webinaar

VBO FORUM

**2 Augustus 2023** | 'n GRATIS webinaar wat 'n nuwe perspektief sal bied tot wat geloofsvorming in kinders se ontwikkeling beteken | 6 VBO-punte beskikbaar.

Lees meer + Registreer +

## Brugbediening 2023

VBO FORUM

WEEK 1: **31 Julie - 4 Augustus 2023** | WEEK 2: **30 Oktober - 4 November 2023**
Opleiding van brugpredikante tydens predikantsverwisseling, deur prof Malan Nel.

Lees meer +

# IN PAS

*met die lewende God*

Ritmes en gewoontes vir roepingsgetroue gemeentes

# DAGBOEK DIE DATUM

## 21—23 Augustus 2023

## Oefenkamp vir

## leraars en gemeenteleiers

eMseni konferensiesentrum

Koste: R2600 pp

Bespreek by Ester Steyn: esters@ngkerk.org.za

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

**Nuusbrief**
*Missie Japan*
**Lees hier**

**Nuusbrief**
*CLF*
**Lees hier**

**Bedanking**
*TOIBO*
**Loer hier**

## BROKKIES UIT kerkbode

ELDERS GELEES
**Duisende se nood verlig danksy 2023 Winterhoop veldtog**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Hoopstories 11 Julie 2023*

ELDERS GELEES
**Toe trek kletsbot weg met eie preek**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus / Lewer Komentaar, 10 Julie 2023*

**Dag van Verootmoeding (13 Augustus): 'Dit is die werk en roeping van die kerk. Sy is 'n hoopdraer!'**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Rubrieke 4 Julie 2023*

ELDERS GELEES
**Dr Calvin Ullrich word nuwe senior lektor in teologie by Vrystaat Universiteit**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus 4 Julie 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nuut

## JULIE

Belangrike datums en gemeentegebeure

2023

## AUGUSTUS

Belangrike datums en gemeentegebeure

2023

## GEMEENTEGEBEURE

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus hier op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

## VAKATURES | PREDIKANTENUUS




OORGENEEM UIT KERKBODE




OORGENEEM UIT KERKBODE





OORGENEEM UIT KERKBODE










OORGENEEM UIT KERKBODE

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**Ds Willie Korb** van NG Gemeente Pofadder het die beroep na NG Gemeente Oranjeville aanvaar. Sy bevestiging het op Sondag 9 Julie plaasgevind. **Ds Joe Müller** van NG Gemeente Bethlehem-Oos het die beroep na NG Moedergemeente Kroonstad aanvaar. Die akte van demissie sal op Sondag 20 Augustus aan hom tydens sy afskeidspreek oorhandig word.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afloslearaars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE



## Veels geluk!

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## JULIE »

**24** Ds Eddie Botha
**LEEUWBERG**

**28** Dr Jupie Steurer
**SASOLBURG-FONTEIN**

**29** Ds André van Staden
**FICHARDTKRUIN**

## AUGUSTUS »

**04** Ds Willem Strauss
**TWEELING**

**05** Mev Anelia van den Blink
**SINODALE KANTOOR**

**06** Ds Jacques Else
**ESTOIRE**

# HOU DIE SPASIE DOP

# BLÊR

**KYK HIER**

NG Kerk Vrystaat

SCHINK ·PUBLISHING·

JONK

www.ngkerkvrystaat.co.za

**Ds Christo Nel** | Leraar van NG Gemeente Riebeeckstad

# Gesond word as "Geestelike dissipline"

**In 1 Korintiërs 6 sê Paulus vir ons dat ons liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is en dat ons God moet verheerlik deur ons liggaam. Dit sou ook beteken dat ons mooi na ons fisieke liggame moet kyk.**

**Ons lees in 1 Timoteus 4 dat fisieke oefening waarde vir die liggaam het. En in 1 Timoteus 5 hoor ons 'n bietjie wyn is goed vir die maag se ongesteldhede!**

**So, kom ek gooi dit in: Het jy geweet dat GESONDHEID 'n geestelike dissipline is wat ons moet navolg?**

Gesondheid gaan natuurlik oor baie meer as net fisieke gesondheid.

Die Bybel help ons om te verstaan dat ons gesond moet wees na liggaam, siel en gees. En daar word raad gegee oor hoe dit kan gebeur. Ons verstaan dat ons tyd saam met God in die Woord en gebed baie belangrik is. Ons verstaan dat om deel te wees van 'n geloofsgemeenskap net so belangrik is. Gesondheid is iets wat ek dus voortdurend moet beoefen – of dit fisiek, emosioneel of geestelik is – jy en ek het die verantwoordelikheid om seker te maak dat ons gesond bly. Daarom dat dit 'n geestelike dissipline is. Geestelike dissipline beteken dat ek verantwoordbaar is teenoor my geloofsreisgenote en teenoor die Drie-Enige God self.

**Dit is belangrik dat jy jouself afvra:**

1. Hoe kan ek myself na liggaam gesond hou? (Eetgewoontes, oefen ens)
2. Hoe versorg ek myself geestelik sodat ek sterk kan staan te midde van storms om my? (My stiltetyd ens)
3. Hoe kyk ek emosioneel na myself? (Leer hoe om stres te hanteer, kommunikasievaardighede, konflikhantering ens)

Ons kan met ander woorde baie dinge doen om gesond te bly. Dit is jou en my verantwoordelikheid om hierdie geestelike dissipline na behore te beoefen. Maar wat nou as ek na liggaam, siel en gees nie gesond is nie ... reeds siek is?

**Lees meer** »



Foto: **Ds Christo Nel**

# KONTAK ONS

## REDAKSIE


**NG KERK VRYSTAAT**


Departement Kommunikasie en Bemarking

**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301

Posbus 11412, Universitas 9321


Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za




Celicia McLean (Redaksioneel)

**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus

**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**


# Samestellers

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**


© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking